

Gevorderde Diploma in Projekbestuur (NKR-vlak 7 ■ 130 krediete ■ SAQA ID 99024)

Akademia

Akademia is 'n hoëronderwysinstelling wat geakkrediteerde kwalifikasies in Afrikaans aanbied. Studente kan hoër sertifikate (1 jaar), 'n gevorderde diploma (1 jaar) en grade (3 jaar) in verskeie studierigtings by Akademia verwerf. Akademia gebruik nuwe tegnologie vir die optimale ondersteuning van ons studente. Akademia rus mense toe om meer mededingend in die arbeidsmark te wees.

Die program

Die Gevorderde Diploma in Projekbestuur bemagtig die student om die beginsels van projekbestuur te verstaan en om dié beginsels in die praktyk toe te pas, sodat projekte suksesvol ontwikkel en bestuur kan word. Dit rus studente toe met kennis en vaardighede in projekbestuur, projekuitvoering en beheer, tydsbeplanning, kostebestuur en projek kwaliteit en -risikobestuur.

Vir wie is hierdie program?

Suid-Afrika het bekwaame en opgeleide projekbestuurders nodig wat projekte kan administreer en bestuur. Suksesvolle projekuitvoering verhoog die kwaliteit van ondernemings, dit ontwikkel welgestelde gemeenskappe en 'n welgestelde land.

Toelatingsvereistes

'n Geakkrediteerde 3 jaar kwalifikasie op NKR vlak 6 of gelykstaande/hoër kwalifikasie. Praktiese werkervaring in 'n veld wat met die vlak 6-kwalifikasie ooreenstem sal voordelig wees.

Deurlopende modules

- Inleiding tot Projekbestuur
- Projektydsbestuur
- Projek kostebestuur
- Projek kwaliteit- en Risikobestuur
- Projekuitvoeringbestuur
- Korporatiewe Projekbestuur

Assessering

Formatiewe assessering

(Deurlopende assessering – 40% van finale punt)

- 3 werkopdragte per vak – die gemiddeld van die 2 beste werkopdragpunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.
- 3 toetse per vak – die beste 2 toetspunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.

'n Minimum van 40% vir 'n jaarpunt moet behaal word vir eksamentoelating.

Summatiewe assessering

(Samevattende finale assessering – 60% van finale punt)

Daar word in hierdie program twee eksamens aan die einde van die jaar geskryf, een oop boek en een toe boek.

Kontak sessies (na-ure)

Kontak sessies en e-leer-tutoriale is verpligtend en dit word by twee studiesentrums, nl. Centurion en Bellville, aangebied. Studente moet 4 kontak sessies op Saterdag by die studiesentrums bywoon soos in die jaarbeplanning vervat is. Studente moet ook 9 e-leer-tutoriale op die studentestelsel (die Spens) voltooi. Die deelname hieraan word gemonitor en dit maak deel uit van die verpligte klasbywoningvereistes.

Tydsduur van program

Die program kan in 'n minimum van 1 jaar voltooi word.

Kwalifikasie

Ná die suksesvolle voltooiing van die program ontvang studente 'n Gevorderde Diploma in Projekbestuur wat tydens 'n formele gradeplegtigheid oorhandig sal word.

Kontak besonderhede

Skakel 0861 222 888 of stuur 'n e-pos na navrae@akademia.ac.za